# *Satan Se Eden*

Laat ons buig. Dierbare God, ons is dankbaar teenoor U vanaand vir hierdie grootse geleentheid, om weer in die Naam van die Here Jesus te kom om ons vyand, U vyand, hier op die slagveld te ontmoet; met die Woord, om hom uit die midde van U volk te verdryf; dat hulle vanaand, Here, die Evangelielig kan sien. Ek bid dat U ons oë sal salf met die oogsalf, dat dit vir die Waarheid geopen kan word; dat ons hier kan weggaan, in ons harte sê: "Was ons harte nie brandende toe Hy met ons gepraat het op die pad nie?" Genees die siekes en beproefdes. Bemoedig die moedeloses. Rig die swak hande op wat eenmaal slapgehang het. Mag ons uitsien na die Koms van die Here Jesus, wat ons glo op hande is. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Sit maar.

2 Ek sal vanaand kort probeer wees, want ek weet baie het uit verskillende dele van die land gekom, na . . . vir die diens; of het oorgebly, party van julle, en moet teruggaan, vir miskien 'n ent om terug te keer. En ek bedank julle. Vanoggend wou ek Broer Neville self hoor. En ek het hom baie keer gehoor, en het hom nie een keer gehoor sonder dat ek hom waardeer het nie. Maar vanoggend, daardie tydige boodskap, ek weet ek het die leiding van die Here gehad om vanoggend daarna te luister. Baie goed! En ek sien waarom julle mense ook daarvan hou om na hom te kom luister. En hy sal julle altyd goed doen, is ek seker, om na hom te luister.

3 Ek het vandag op party van my onderhoude probeer opmaak; vanoggend en vanmiddag. Ek het nog baie, baie, baie oor. En ek . . .

4 Soos, ek dink dit was Jetro, eenmaal vir Moses gesê het, het gesê: "Dis net te veel vir jou." So, ons het baie broers hier op julle probleme. En elkeen van hulle was regmatig, en hulle is goeie dinge waarna omgesien moet word. En ek sou ons pastoor aanbeveel, of Broer Mann, en ander predikers van ons Geloof hier. Julle kan na hulle toe gaan. Hulle sal julle net presies die ding sê om te doen; sommige mense, hulle kinders; ondertrou, of dinge wat verkeerd is. En hierdie manne kan julle help net so goed soos—soos enigiemand anders, want hulle is diensknegte van Christus. En gaan na hulle, en ek is seker hulle sal—hulle sal julle die hulp gee wat julle nodig het. Ek kan nie by hulle almal uitkom nie. Daar is net so baie, oral waar jy gaan. hulle bly net ophoop, hoër en hoër, julle sien. En jy wil by elkeen van hulle uitkom, maar jy kan dit nie doen nie. Maar ek bid voortdurend dat God, op een of ander wyse, dit vir julle goed sal laat uitwerk.

5 Nou, vanaand, wil ons na die Skrif gaan, en 'n gedeelte van die Skrif lees, uit Génesis, die 3de hoofstuk; en net 'n bietjie terugverwys na sommige dinge waarvan ons gepraat het, in die verlede, en kyk of die Here Jesus ons 'n bietjie meer sal bygee by wat ons sal weet wanneer ons uitgaan. Ek bid—bid dat Hy sal.

> *Maar die slang was* listigste *as al die diere van die veld wat die* HERE *God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so God* het *gesê: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?*
>
> *En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,*
>
> *maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.*
>
> *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;*
>
> *maar God weet dat as julle daarvan eet julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*
>
> *Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*
>
> *Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle skorte gemaak.*

6 Mag die Here die...Sy seën byvoeg by die lees van Sy Woord. Nou ek wil vanaand graag 'n teks daaruit neem en dit noem: *Satan Se Eden*. Baie kru iets om te sê, naamlik *Satan Se Eden*. Dit pas soort van by die ander Sondagaand, dink ek, toe ek met julle gepraat het oor *'n Filter Vir 'n Denkende Man*, en 'n heilige man se smaak.

7 En partymaal bring hierdie kru uitdrukkinkies ons by iets uit; dit laat ons studeer, en laat julle die Woord lees. En dis wat ek wil hê my hele gemeente moet doen. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." So, lees die Woord; bestudeer Dit. En bestudeer dit met die oë van God, om julle intellektueles insig te gee van hoe ons behoort te lewe in hierdie teenswoordige dag.

8 Nou om vanaand hierheen te kom, net om met julle te praat, te sê: "Wel, ek kon *dit*, of *dat* gedoen het..."

9 Ek hou daarvan om met die mense te praat, soveel as wat ek selfs vanaand saam met elkeen van julle sou wou huis toe

gaan. Ek. . .God weet dis waar. Ek sou graag saam met elkeen van julle wou huis toe gaan, en—en eet—ontbyt eet by julle in die oggend, en—en—en uitgaan en saam met julle eekhorings jag môremiddag, sien. Ek—ek sou dit graag wou doen, maar ek—ek kan dit nie doen nie. En ek sou graag huis toe wou gaan en net gaan sit en met julle gesels; op die stoep sit na die diens en 'n rukkie met julle gesels, praat met julle oor julle welvaart en oor God. Ek sou daarvan hou om dit te doen. Mans en vroue hierbinne; God weet ek sou dit graag wou doen, maar ek kan dit nie doen nie. Sien, daar is net so—so 'n aanvraag en 'n stremming.

10 En—en in hierdie senuweeagtige tyd waarin ons lewe. . . En ek is self 'n senuweeagtige mens. Vandag het ek my voorgeneem op iets: "Ek moet dit net doen," en môre is dit 'n miljoen myl van my af weg; iets het tussenin gekom en *dit* en *dat* gedoen. En jy kan skaars jou kop bymekaar hou.

11 Maar my grootste doelstelling is om die Evangelie te verkondig deur die Kerk, en alles wat ek kan te doen om eer aan Jesus Christus te bring in hierdie dag, terwyl ek hier op aarde is, en in die tyd wat ek nog hier op aarde oorhet. Ek kom om vir julle iets te—te probeer sê wat julle sal help; iets. Ek het gestudeer na ek vanmôre huis toe gegaan het. "Wat kan ek vanaand sê, Here, wat daardie mense sal help?"

12 Geluister na daardie magtige boodskap vanmôre oor. . . wat Broer Neville gebring het, oor. . .Ek het gedink dis was so wonderlik, hoe hy daar gesê het: "'n Dokter sal die geval diagnoseer; maar die man wat met 'n pan vol naalde kom, hy gee die inspuiting." Toe het ek gedink dit is regtig 'n—'n regte oulike klein uitdrukking. Ek het daaroor gedink: "die serum, nadat die geval gediagnoseer is." So dis 'n baie goeie ding.

13 Ek wou met julle oor iets praat, iets bring om vir julle die belofte van God vir hierdie tydperk te verhelder. Sien? Iets, nie iets waarmee iemand anders op 'n ander dag besig was nie, maar iets. . .en as. . .Daardie dinge is in orde; ons verwys almal na daardie dinge. Maar ek het gedink ek sal probeer om iets onder julle aandag te bring, met hierdie Skrifte wat ek hier geskryf het, wat julle sal inlig om te weet, julle 'n beter soldaat te maak op die gebied waar julle nou veg; om die taktiek van die vyand te leer, sodat julle alles kan afweer voor dit by julle kom, sien. Dis die belangrikste ding, is om te leer om die—die vuishoue van jou af te hou, soveel as wat jy kan.

14 Nou, laat ons nou kyk na hierdie groot. . .vir 'n paar minute, hierdie groot, sondige dag waarin ons nou lewe. Ek glo nie daar was ooit 'n dag waarvan ek ooit in die geskiedenis gelees het. . .Daar was groter dae van vervolging, toe die kinders van God aan alle kante doodgemaak is. Maar om die misleiding van die vyand te aanskou, het ons nog nooit 'n

dag gehad soos dié waarin ons nou lewe nie. Dis die listigste, misleidende dag. En wanneer ek dit sien, bring dit mee, dat die Christen vandag meer op sy hoede moet wees as wat hy ooit in enige tydperk was.

15 Nou, destyds in die dae van die vervolging, van Rome, van die Kerk; het 'n Christen 'n fout gemaak, het hy in die arena ingegaan en is vir die leeus gevoer, of so-iets, as hulle hom 'n Christen bevind het vanweë sy getuienis. Maar sy siel is gered, want hy was 'n suiwer, onvervalsde gelowige in God, en het blymoedig sy getuienis met sy bloed verseël. Soos die are losgelaat het, of gate in sy liggaam, en die bloed uitgebloei het, sou hy uitroep met ware lojale geloof, en sê: "Ontvang my gees, Here Jesus!"

16 Maar, nou, laat die listigheid van die duiwel nou die mense glo dat hulle 'n Christen is wanneer hulle nie is nie. Daar lê die ding. Jy hoef nie te verseël...Dis—dis 'n listiger dag as wat dit sou wees, as toe jy jou—jou lewe moes wegverseël met jou getuienis. Die duiwel het elke listige lokval gestel wat hy kan, om...Hy's 'n bedrieër. En Jesus het vir ons gesê, in Matthéüs 24, hoe hierdie dag waarin ons lewe, sal wees, die misleidendste dag wat ooit beleef is, "so naby dat dit selfs die Uitverkorenes van God sou mislei as dit vir hom moontlik was om te mislei."

17 Nou laat ons 'n paar Skrifte vergelyk, of profesieë waarvan in die Bybel gepraat is, vir vandag, en dit vergelyk met die dag waarin ons nou lewe.

18 In Twee Timotheus 3 leer ons dit, dat die profeet gesê het dat: "Dit sal in hierdie dae gebeur dat die mense roekeloos, verwaand sal wees, meer liefhebbers van genot, as liefhebbers van God." Vergelyk dit nou, net vir 'n oomblik. Ons sal nie... Ons sal dit kort hou, want ons het nie soveel tyd om deur dit alles te gaan soos ons na regte behoort te doen nie; maar net om dit uit te lig sodat julle kan sien as julle tuis kom en dit bestudeer. "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, en sonder liefde vir die goeie." "Nou die Gees het uitdruklik gesê dat hierdie dinge in die laaste dae sou wees." Dis hierdie dae, die profesie wat daarvan praat.

19 Nou ons lees, ook, in Openbaring...14, Openbaring 3:14, liewer, die Laodicese Kerkeeu, van hoe die kerk in hierdie laaste eeu sou wees. En dit sal wees, sê Dit: "Dit sal soos 'n weduwee sit en aan niks gebrek hê nie. Dit—dit is ryk, en het aan niks gebrek nie, en weet nie dat hulle arm is nie, ellendig, beklaenswaardig, blind en naak, en dit nie weet nie." Nou onthou, Hy praat met die kerk van hierdie tydperk: "beklaenswaardig, blind, naak, en weet dit nie." Daardie laaste frase, daardie laaste Woord, is wat dit so

treffend maak. Hulle dink dat hulle goed met die Gees vervul is, hulle klaar gereed is. Die Laodicese Kerkeeu is die Pinkster Kerkeeu, want dis die laaste kerkeeu. Luther het sy boodskap gehad; Wesley het sy boodskap gehad; en die Pinkster het hulle boodskap gehad.

20 Ook het Dit gesê, dat: "Omdat jy lou is en nie koud of warm nie," die emosies van die buitekant, die verstandelike opvatting van Evangelie: "omdat," het Hy gesê: "jy so is, sal Ek jou uit My mond spuug." Met ander woorde, dit het Hom naar gemaak om die kerk in daardie toestand te sien.

21 En, onthou, hulle het Hom uitgespuug; en Hy was buitekant die kerk, het aan die binnekant probeer kom, in daardie aaklige Laodicese Kerkeeu.

22 Die god van hierdie wêreld vandag, die persoon wat aanbid word deur hierdie wêreld vandag, is Satan. En die mense is onbewus daarvan dat hul Satan aanbid, maar dis Satan wat homself as die kerk voordoen, sien, as die kerk. Hulle aanbid Satan, dink dat hulle God deur die kerk aanbid, maar dit is hoe Satan dit gedoen het.

"O," julle sê: "maar wag 'n bietjie; ons verkondig die Woord."

23 Kyk terug hier na my teks, vanaand. Satan was die een wat eerste die Woord aan Eva verkondig het: "God het gesê," sien.

24 Dis daardie verkeerd opvat van daardie deel van die Skrif wat op die dag van toepassing is. Hy sal jou laat weet alles wat Jesus gedoen het was perfek reg. Hy sal jou laat weet alles wat Moses gedoen het was perfek reg. Maar as jy die beloftes neem wat Hulle vir hierdie dag gegee het, dan was Dit op 'n ander tydperk van toepassing. Dis net al wat hy hoef te doen, sien, is om die mense te kry om Dit so te glo, en dit—dis al. Want: "Jy kan nie een Woord Daarvan wegneem, of een woord Daarby voeg nie." Maar dis wat hy doen.

25 Mense wat Satan in onkunde aanbid, dink hulle aanbid God; soos ons deur profesie in Twee Thessalonicense gewaarsku word. Dit, laat ons dit net lees, Twee Thessalonicense, die 2de hoofstuk. Laat ons dit net 'n oomblik kry, as ek kan, sommer nou. Ek wil dit graag lees. Net, meen ek, Twee Thessalonicense. Ek het die Skrif hier. In Twee . . .

> *Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van die Here Jesus . . . en ons vereniging met Hom,*

26 Nou, sien: "die wederkoms van die Here en die vereniging met Hom," soos God Sy mense met Hom sal verenig in die laaste dae. "Die vereniging van die mense met die Here," nie met die kerk nie: "met die Here; verenig met Hom."

> *om nie gou julle verstand te verloor of verskrik—verskrik*. . .*word nie — deur gees of*. . . *woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees-*. . .*die dag van* die Here *al daar is*.
>
> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde* ("mens van sonde," kyk wat is hy nou)*, die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf,* (dit was Judas, sien);
>
> *die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is*.

27 Daardie bedrieglikheid van die kerk van vandag! Sien: "die seun van die verderf," die duiwel. "Die seun van die verderf," die duiwel. Dan, mense aanbid Satan in hierdie dag, dink hulle aanbid God. Maar hulle aanbid hom deur 'n geloofsbelydenis, 'n mensgemaakte denominasies en geloofsbelydenisse wat die mense net daar by die grootste misleiding gebring het waarvan die wêreld ooit geweet het. Maak nie saak hoeveel die Woord van God wat vir hierdie dag beloof is, verkondig en bevestig word nie, hulle wil Dit steeds nie glo nie. Hulle wil Dit nie glo nie.

28 Waarom dan? Ons wonder waarom. Waarom dit nie doen nie; waarom wil hulle Dit nie glo nie? Wanneer God gesê het Hy sou 'n sekere ding doen, en Hy doen dit, en tog draai hulle hul rug daarop, en draai daarvan weg. Net soos Eva geweet het dat wat God gesê het, sou God doen; maar sy het haar rug daarop gekeer, om te luister na wat hy te sê gehad het.

29 Onthou net, in ander tydperke was dit altyd dieselfde ding. In elke tydperk, was dit altyd dat Satan probeer om die Woord vir hulle te verdraai, hulle 'n ander tydperk laat sien.

30 Kyk, toe Jesus gekom het, sien, was Satan in daardie klomp Joodse leraars, en rabbi's en priesters, het hulle probeer vertel om die wette van Moses te onderhou, terwyl die einste Woord gesê het dat die Seun van die mens in daardie dag geopenbaar sou word, sien, dat Hy Homself sou openbaar. So hulle het probeer, solank hulle hul maar net godsdienstig, en by die wette van Moses gehou het. Sien julle wat hy gedoen het? Hy het vir hulle probeer sê: "Daardie deel van die Woord is net presies korrek, maar hierdie Man is nie daardie Persoon nie." Sien hoe bedrieglik is hy? Dis daardie ware dag van misleiding.

31 Dit was, en is nou, Satan wat sy koninkryk op aarde vestig. Dis presies waarom hy dit doen, want hy wil sy eie koninkryk vestig.

32 Soos ’n besigheidsman, wat nie ’n Christen is nie, hy sal elke skema uitwerk wat hy kan om jou iets op die verkeerde manier te laat sien. As hy ’n—’n doel het en ’n persoonlike voordeel om jou dit te laat doen, jou dit so te laat sien, sal hy jou alles wys wat hy kan, en jou van die waarheid daaroor weghou, want hy het ’n gevoel net vir homself. Maak nie saak hoeveel hy lieg en bedrieg, en wat nog nie, hy het persoonlike gewin.

33 En dis waarom Satan dit gedoen het. En hy het deur die bediening gewerk om dit te doen, soos God beloof het hy sou maak. Nou, hy het deur ’n godsdienstige bedrog in Eden begin, en hy het sedertdien nog aangehou.

34 Nie deur ’n klomp kommuniste daar te stel nie. Kommuniste het niks hiermee te doen nie. Dis die kerk, dis waar jy moet dophou, sien. Dis nie die—die kommuniste wat die einste Uitverkorenes sou mislei nie. Dis die kerk wat die einste Uitverkorenes sal mislei see. Dit is nie kommuniste nie; ons weet hulle ontken God, en hulle is antichris, hulle is sekerlik, in beginsel, maar hulle is nie *dié* antichris nie. Die antichris is godsdienstig, baie godsdienstig, en kan die Skrif aanhaal, en Dit so duidelik laat lyk.

35 Soos Satan daar in die begin gemaak het, hy het alles reg daar aangehaal: “God het gesê: ‘Julle mag nie van elke boom in die tuin eet nie.’” Sien, haal Dit reg aan.

36 Sy het gesê: “Ja, ons mag van al die bome van die tuin eet, maar daar is ’n boom in die middel van die tuin waarvan God gesê het om nie te eet nie, want, nie eens aan te raak nie; want, die dag as ons dit sou doen, daardie dag sou ons sterwe.”

37 Hy het gesê: “O, gewis sal julle nie sterwe nie. Maar laat ek jou die rede gee waarom God dit gesê het, is omdat. . .” Sien, wat doen hy nou? Hy het hierdie Waarheid aangehaal, julle sien. Hy het gesê: “Dit sal julle oë oopmaak, en julle sal goed en kwaad ken. Julle sal dan soos God wees, as julle dit kan doen.”

38 Dis net wat hy wil doen, en dis net dieselfde ding wat hy vandag probeer doen. Daar was ’n godsdienstige bedrieëry sedert heel aan die begin by Eden, en was nog steeds sedertdien. In Adam se tyd, was dit ’n bedrieëry. In Noag se tyd, was dit ’n bedrieëry. In Jesus se tyd, was dit dieselfde. En is nou dieselfde, dieselfde wyse, ’n godsdienstige bedrieglikheid!

39 Nou, ons sal let op die aarde, toe God dit onder beheer gehad het. Nou, toe God dit beheer gehad. . .dit onder Sy beheer gehad het. Toe, toe Satan oorgeneem het, deur die Woord van God te verwerp. God het eenmaal die aarde onder Sy beheer gehad. Hy het dit in sy wentelbaan geplaas. Hy het

dit geplaas, dit laat werk. Hy het alles gedoen, het dit in Sy beheer gehad. Nou sal ons dit vergelyk met nadat Satan dit in sy beheer geneem het.

40 Nou, dit het God sesduisend jaar geneem. Dit het Hom nie so lank geneem nie, maar Hy was so lank besig. Sesduisend jaar, want ons word geleer dat: "een dag in die Hemel is 'n duisend jaar op aarde," en dit was sesduisend jaar, of ses dae wat God die aarde gebou het. Nou, dit het God sesduisend jaar geneem om dit tot stand te bring, dit met goeie sade te beplant en om alles na sy soort voort te bring. Alles moet voortkom na sy soort. Al Sy saad was goed, en so moet dit na sy soort voortbring. God het sesduisend jaar geneem.

41 Eindelik, toe Hy dit alles gemaak gehad het, en ons eindelik. . .en het eindelik met sy hoofkwartier, van die aarde, aangekom in 'n pragtige plek wat oos van Eden lê, genoem die tuin van Eden. God het die wêreld se hoofkwartier gemaak in die tuin van Eden, in Egipte, reg by die oostekant van die tuin was die hoofkwartier.

42 En oor die hele situasie, het Hy Sy seun en Sy seun se vrou gestel, oor dit alles. Dis reg. Dis wat God gedoen het. Hy het hulle volle beheer gegee. Hulle kon met die winde praat, en dit sou ophou waai. Hulle sou met die boom praat, en dit sou van *hier* na *daar* beweeg.

43 Die leeu en die wolf het saam gevoed, en die lam het by hulle gaan lê. Daar was geen boosheid nie. Dit was volmaakte vrede, volmaakte harmonie, alles in volmaaktheid, en toe God dit onder Sy beheer gehad het. En let op, Hy het Sy. . .Hy het Sy wêreld, Hy het alles in werking gehad. Alles was daar. Alles het plantegroei geëet; niks wat moes sterf nie, niks wat verniel moes word nie, niks wat bederf moes word nie. Niks. . .Dit was net volmaak.

44 En oor dit alles, het Hy Sy geliefde kinders, Sy seun en Sy dogter, geplaas, 'n man en vrou, om dit te beheer.

45 God was so tevrede! "En Hy het gerus van al Sy werke, op die sewende dag," en het hierdie sewende dag sabbat vir Hom geheilig.

46 Want, God het dit alles deurgekyk, nadat Hy sesduisend jaar besig was om dit te vorm en toe te rus, dit tot stand te laat kom; en het die berge daar geplaas, en die vulkane die berge laat opstoot, en die dinge wat in die uitbarstings plaasgevind het; het die laat opdroog, en het dit ingerig op die wyse wat Hy het. En dit was 'n pragtige plek.

47 Daar was niks soos dit nie, die groot paradyse van God! En die groot dinosourusse, en wat ook al nog, het daardeur gekruip, en van die groot diere; geen kwaad in hulle nie. Hulle

was net so mak soos 'n klein katjie. Hulle het glad niks gehad nie; geen—geen siekte, geen smart; nie een siektekiem op die aarde nie. O, watter plek!

48 Die groot voëls het van boom tot boom geswaai, en Adam kon hulle by die naam roep, en hulle sou op sy skouers opvlieg en—en vir hom koer. En, o, watter wonderlike plek het God nie gemaak nie!

49 En het toe een van Sy eienskappe uit Sy Eie Liggaam gemaak. God het eienskappe in Sy Liggaam.

50 Soos wat jy 'n eienskap van jou vader is. En, let julle op, jy was in jou grootvader se grootvader se grootvader s'n. Maar, hierin, sê, sal ons dit beperk tot soos jy en jou vader. Nou, jy het nie enigiets geweet toe jy in jou vader was nie. Die kiem van die lewe kom van die manlike. Die manlike het die bloedsel; die vrou het die—die eier; nou, daarom, het die bloedsel die lewe daarin. En, dan, toe jy in jou vader was, het jy in werklikheid niks daarvan geweet nie. Maar, tog, die wetenskap en God se Woord bewys dat jy in jou vader was, maar jy het niks daarvan geweet nie.

51 Maar toe het die vader verlang om jou te ken. En met die eenwording van die verbintenis met die moeder, toe is jy bekend gemaak aan jou vader. Nou, jy is jou vader se eienskap. Jy lyk soos hy, en jy het dele van jou liggaam wat soos jou vader lyk.

52 Nou, dis hoe God in die begin was. Elke seun van God en elke dogter van God was in die begin in God. Jy onthou dit nie nou nie, maar jy was daar. Hy het dit geweet. En Hy wou hê jy moet so word dat Hy met jou kon kontak maak, met jou kon praat en jou kon liefhê, en jou hand skud.

53 Wil jy nie hê jou eie seun. . .Is dit nie 'n groot dag as jou seun kan huis toe kom en aan die tafel kom sit nie? Wanneer hy terugkom van die slagveld, of een of ander ding, met letsels; hoe sal jy nie die maaltyd regmaak; jy nie die gemeste kalf slag, of wat ook al nog, en vir hom gereedmaak nie! Dis jou eie vlees en bloed, en hy was in jou. Jy het hom nie toe geken nie, maar jy het geweet hy is daar.

54 En so het God geweet dat ons hier sou wees, maar toe het Hy ons in die vlees geplaas sodat met ons kontak gemaak sou word. Sodat Hy kontak kon maak, het Hy een van ons geword toe Hy Jesus Christus, die Seun van God Self, geword het, die volheid van die manifestasie van God. Daarom was dit God se doel, om Sy eienskappe in gemeenskap te toon.

55 Toe ek in my vader was, het ek niks daarvan geweet nie. Maar toe ek sy seun geword het en uit hom gebore is, was ek 'n eienskap, 'n deel van my vader. En julle is 'n deel van julle vader.

56 En as kinders van God, is ons ’n deel van God se eienskap wat in Hom was, wat vlees geword het soos Hy vlees geword het sodat ons een met die ander gemeenskap kan hou, as ’n familie van God op die aarde. En dit was God se doel in die begin. Ja, meneer. Dis wat God in die begin wou gehad het.

57 Hy het alles onder beheer gehad. En Hy het die mens oorgebring in die tuin van Eden in, onder vrye morele keuse; gesê: “Seun, dis joune.”

58 Wat ’n pragtige plek! God was so tevrede, dat Hy net teruggegaan het en van al Sy werke gerus het. Elke boom het nooit dorings en distels voortgebring nie. Geen bessies het ooit van ’n doringboom af afgekom nie. Alles was volmaak. Alle saad was volmaak. Alles was in ’n volmaakte toestand.

59 Toe, toe Hy ’n bietjie gaan rus het, het Sy vyand met bedrog ingeglip, en dit oorgeneem, deur Sy program verkeerd te interpreteer vir Sy kinders. Toe Hy vertroue in Sy Eie kind gestel het; soos jy vertroue in jou dogter stel wanneer sy in die aand met ’n man uitgaan; wanneer jy vertroue in jou seun stel as hy met ’n drinker of ’n roker moet saamgaan. Sien, Hy het vertroue in Sy seun gestel, dat hy nie iets verkeerds sou doen nie, en by elke Woord wat Hy gesê het, sou hou. Maar die vyand het ingeglip; soos daardie gladde bedrieër wat jou dogter sou uitneem en hom nie gedra nie; of—of ’n vrou sou neem, met jou seun uitgaan, en dieselfde ding. Sien, hy het ingeglip. Die vyand van God het ingeglip en die Woord vir Eva verkeerd geïnterpreteer.

60 Nou, hy, deur hierdie val, het dit oorgeneem en self die tuin van Eden in besit geneem. Hy het dit oorgeneem. En nou het hy sesduisend jaar van misleidende heerskappy gehad; het die mense mislei, God se kinders, soos hy toe gemaak het. Want, hulle is op vrye morele wil geplaas, om te handel op enige wyse soos hulle wou. En het geglo dat hulle reg sou optree, of het vertrou dat hulle reg sou optree, het hulle toe gekom met die verkeerde optrede, en hul geboorteregte verkoop, soos Esau het, vir die wêreld. En Satan het dit gewen, en hy het dit oorgeneem. En hy het sesduisend jaar gehad om sy Eden op te bou, soos God sesduisend jaar gehad het om Sy Eden af te sluit. En het deur misleiding, misleiding van die Woord, of die mense, nou sy eie Eden op hierdie aarde gevestig, in sonde.

61 God se Eden het in geregtigheid tot stand gekom. Satan se Eden het in sonde tot stand gekom, want Satan is sonde. God is geregtigheid, en God se koninkryk het in geregtigheid, en vrede, en Lewe tot stand gekom. En Satan se totstandkoming is in sonde, en, godsdienstige sonde.

62 Let op hoe hy mislei het, sy misleiding, soos hy gesê het hy sou. Hy het belowe om dit te doen. Het iemand dit geweet? Laat ons na Jesaja blaai, as julle party van hierdie Skrifte wil

hê. As julle. . .Ek behoort meer van hulle aan te haal, skat ek. Laat ons na Jesaja blaai, die 14de hoofstuk, net vir 'n oomblik, en net sien wat Satan hier gesê het, net 'n oomblik. In Jesaja 14, sal ons dit lees, en kyk wat hierdie kêrel gedoen het. Jesaja 14, begin met die 12de vers.

> *Hoe het jy uit die hemel geval, o Lucifer, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!*
>
> *En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre* (dis seuns)*, sterre van God en sit op die berg van samekoms. . .die* kant *van die Noorde.*
>
> *Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!*

63 Nou vergelyk dit hier met ons ander Skrifte daar in Thessalonicense, 'n ruk gelede, hoe hy gesê het: "Hy sit in die tempel van God, verhef homself bo alles wat God genoem word sodat hy as God aanbid word as God op die aarde."

64 Daar is die god van hierdie wêreld waaroor ek verlede Sondag vir julle gepreek het. Hier is hy vandag met misleiding, daardie bedrieglike uur, daardie geweldige tyd waarin ons lewe. Dis die heerlikste tyd van al die tydperke, want ons staan weer voor die groot Millennium; ons staan weer voor die Eden. Maar reg in hierdie tydperk, het hy al die misleiding en elke taktiek wat hy ooit gebruik het en in staat was om mee te mislei, het hy dit alles bymekaar gemaak en homself versterk; en neergedaal soos God, en homself in die plek van God gestel; godsdienstig, en kan die Skrif aanhaal en kan jou van die Skrif vertel, net soos Satan vir Eva gedoen het in die tuin van Eden. Maar een brokkie Daarvan uitlaat, is al wat hy hoef te doen, daardie gaping maak waar die giftige leer van die duiwel kan deurloop, soos die denkende mense se Filter waarvan ons die ander aand gepraat het.

65 Nou, hy het gesê hy sou homself bo die Allerhoogste verhef; hy sou tot bo die wolke en die sterre opklim, en hy sou daar sit soos God, en bo die Allerhoogste wees. En hy het daarin geslaag om sy dreigemente uit te voer. Hy het beslis 'n wonderlike sukses gemaak van die uitvoer van sy dreigemente, deurdat die mense hom, in elke tydperk, die waarde van God se beloofde Woord vir daardie tydperk, laat wegverduidelik het. Dis presies hoe hy dit gedoen het. In elke tydperk, het hy Dit wegverduidelik.

66 In die dae van Noag het hy verduidelik dat dit ontmoontlik was dat dit uit die hemel kon reën, want: "daar is geen reën daarbo nie." Sy groot wetenskaplike evangelie wat hy in die tuin van Eden verkondig het! Hy kon die instrumente na die maan toe opskiet en bewys daar is geen vog daar nie. Maar God

het gesê daar sou 'n reën kom. Maar Satan het geslaag, en die verstand van die mense vergiftig, deur wetenskaplike navorsing, dat: "dit nie gedoen kan word nie." Maar dit is gedoen. God het gesê dit sou gedoen word, en dit is gedoen. Hy het.

67 Nou, in die dae van—van Jesus, het hy dieselfde ding gedoen. Hy het hulle gemoedere weer vergiftig deur misleiding, sien, die Woord verkeerd geïnterpreteer. "As U die Seun van God is, laat ek U nou iets daaromtrent sien doen."

68 Jesus het nie vir hom vermaak nie. Hy het nooit nie. God is nie 'n nar nie. Hy hoef niks te antwoord wat Satan vra nie. Hy hoef net. . .Jesus het gesê: "Daar is geskrywe: 'Jy sal nie lewe. . .Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.'" Sien, Hy het nie nodig gehad om te vermaak, deur hom nie. Hy hoef nie brood te gemaak het nie. Hy kon dit doen, maar dan sou Hy na die duiwel geluister het, so Hy hoef nie na die duiwel te geluister het nie.

69 En weer is dit godsdienstige sonde, soos in die begin, so misleidend. Hou dit nou dop. Dis nie net suiwer ou alledaagse sonde, egbreek pleeg en dronk word, en God se Naam ydellik gebruik nie. Dis nie dit nie. Nee.

70 Julle onthou jare gelede, baie van julle hier, die oumense, onthou daardie preek wat ek gepreek het, oor: *Die Teleurstellings By Die Oordeel*. Die hoer, sy gaan nie daar teleurgestel word nie. Sy weet waarheen sy gaan. Die dronklap gaan nie daar teleurgestel word nie. Die dranksmokkelaar, die dobbelaar, die leuenaar, die dief, hy gaan nie teleurgestel word nie. Maar, daardie mens wat dink hy's reg, daar's die teleurstelling.

71 Dis daardie kêrel, wat sê, kom sê: "Here, het ek nie die Evangelie verkondig nie, het ek nie in U Naam duiwels uitgedryf nie?"

72 Jesus het gesê: "Gaan weg van My. . .van My, jy wat ongeregtigheid bewerk. Ek het jou nooit eens geken nie." Daar's die teleurstelling, sien, daardie misleiding.

73 Dis wat ek voortdurend. . .dis waar ek so misverstaan word. Dis nie dat ek anders wil wees nie. Ek wil nie anders wees nie, maar ek moet eerlik wees. Ek het 'n Boodskap, en Dit moet na die mense gaan. Maak dat dit onder die mense baie misverstaan word. Hulle dink ek is teen almal. Weet hulle maar, ek is vir almal, en probeer my bes om vir hulle te bring wat die Waarheid is, net soos dit op my hart gelê is en op die wyse wat dit hier in die Bybel gelê is. En God bewys dit om die Waarheid te wees, so daar is niks anders wat daaraan gedoen kan word nie. So, is of hulle kyk Daarna, of hulle doen dit nie.

74 Sien, hulle wil Dit nie sien nie, want hulle het alreeds uitverkoop, hulle geboorteregte aan een of ander organisasie verkoop, een of ander denominasie; om hul geboorteregte te probeer, om in die Hemel te kom op die basis van een of ander georganiseerde godsdiens, waarvan Satan die hoof van elke deeltjie daarvan is. God het nooit 'n georganiseerde godsdiens gehad nie, het nooit nie. En hulle verkoop daaraan uit, waar hulle, 'n klomp mense, die Woord van God interpreteer en sê Dit beteken *dit* en Dit beteken *dat*.

75 God het geen interpreteerder nodig nie. Hy doen Sy Eie interpretasie. Hy het niemand anders nodig om Hom te vertel hoe om dit te doen nie. Hy is soewerein. Hy het gesê hoe Hy dit sou doen, en dis hoe Hy Sy Woord moet hou. Toe Hy gesê het: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg," het Hy net dit bedoel. Wat Hy ook al gesê het sou plaasvind, Hy gesê het dit sou in hierdie laaste dae gebeur, dat Hy sekere dinge sou doen, en Hy het dit gedoen. Hy hoef niemand te vra of die tyd daar is of nie. Hy weet wat die tyd is, en wat die plan is.

76 Nou, Satan, hierdie misleier, waarvan in Matthéüs 24:24 gepraat word, met soveel misleiding. Nou, ons vind dat deur sy evangelie-programme van kennis, beter opvoeding, hoër etiek, beskawing, ensovoorts, die mense betower is wat God wil dien, om sy leuen te glo.

77 Eva wou dit nie doen nie, maar hy het haar gewys hoe daar meer wysheid daarin was. Sy het nie geweet nie; sy wou weet. Sy het nie verstaan nie, maar sy wou verstaan. En God het vir haar gesê om nie te probeer verstaan nie.

78 Hoe kan ek enige van hierdie dinge verstaan? Ek kan hulle nie verstaan nie. Ek glo hulle. Ek hoef hulle nie te verstaan nie. God is geloof, en nie verstaan nie. Ons glo net wat Hy gesê het.

79 Nou, vergelyk God se Eden nou met Satan se Eden, na sesduisend jaar van verdraaïng van die ware interpretasie van God se beloofde Woord vir die tydperk. Laat ons dit nou vergelyk, en kyk waar ons beland. Soos hy aan die kerk in—in Christus se tyd, in Jesus, gedoen het, probeer het om God se troue seuns te weer—weerhou van die Waarheid te weet. Dis God s'n. God het sy seuns hier geplaas, Sy eienskappe, om gemeenskap met Hom te hou deur na Sy Woord te luister.

80 Wat as jou vader vir jou sou sê, en jy is 'n getroue seun vir jou vader, en hy sê vir jou: "Seun, moenie daar in daardie water gaan swem nie, want daar's krokidille in daardie water;" en 'n kêrel het teruggekom, gesê: "Sekerlik, sulke mooi water soos dié, daar is geen krokidille daarin nie"? Na wie gaan jy nou luister? As jy 'n ware seun is, sal jy na jou pa luister.

81 En ’n ware seun of dogter van God neem God se Woord eerste. Ek gee nie om wat enigiemand anders daaroor sê nie, hulle neem God se Woord eerste. “Daar is gif in die beker,” en hulle glo dit.

82 Geloof in Sy hele Woord, Sy Saad, het ’n Eden gelewer van heiligheid, liefde, en Ewige Lewe. Dis wat God se Eden gelewer het, heiligheid. En dit het ’n Eden voortgebring van heiligheid, van liefde, begrip, volmaaktheid, en Ewige Lewe. Dis wat God plant, Sy Woord, Sy Saad. Dis wat Sy Kerk aan die einde sal wees; Dit sal dieselfde ding wees.

83 Let op, hier is ’n gedagte. Moet dit nie vergeet nie. Ek sal daarby uitkom op ’n ander keer of ’n ander Boodskap. Maar, julle weet, God het gesê: “Laat elke saad van sy soort voortbring.” Is dit God se gebod? Nou watter nut is enige prediker, of enigiemand anders, om te probeer maak om daardie Woord iets anders te laat sê? Sien, elke Woord van God is ’n Saad. Jesus het so gesê: “Die Saad wat ’n saaier gesaai het.” So as Markus 16 God se Woord is, sal dit van sy soort voortbring. As Maleági 4 God se Woord is, sal dit van sy soort voortbring. En elke ander belofte moet van sy soort voortbring.

84 Sien julle, sien julle Satan hier in vermomming? Hy probeer sê: “Dis nie, dis nie so nie.” Verstaan julle dit? [Gemeente: “Amen.”—Red.] Sien, Satan sê: “O, Dit is nie vir hierdie dag nie. Dit, dit—dis . . . Dit was een of ander ander tyd. Dit, dit beteken nie eens dit nie.”

85 “Elke saad moet voortkom uit sy soort.” Dis hoe God Sy Eden tot stand gebring het. Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] En hier is dit, dis hoe God Sy Kerk tot stand bring, elke Woord na Sy soort! “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.” Sien? Satan, hy sal iets anders neem. Maar God het gesê: “Elke saad na sy soort.”

86 As die belofte gesê het: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.”

87 Nou die kerk sê: “Sluit by die kerk aan. Sê die geloofsbelydenis op. Ken die kategismes.” Daar is nie sulke dinge in die hele Bybel nie.

88 Maar Jesus het gesê: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg; in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal in nuwe tale praat; as hulle slange opneem, of dodelike dinge drink, sal dit hulle nie skade doen nie; as hulle hul hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” Wie is enige mens om Dit te ontken? Sien?

89 “Elke saad sal van sy soort voortbring.” As jy ’n saad van God is, ’n eienskap, ’n seun van God, dan is die Woord van God in jou gesaai. Sien? En dan wanneer jy die Woord van

God hoor: “My skape luister na My Stem; ’n vreemde sal hulle nie volg nie.” Het julle dit? “Dan kom elke saad voort na sy eie soort.”

90 Nou vind ons uit, dat elke saad van sy soort voortgebring het, daar was geen dood in die nuwe. . .in daardie Eden nie. Daar sal geen dood in die nuwe Eden wees nie. Sien, daar was geen, niks anders behalwe heiligheid, reinheid, en Ewige Lewe nie.

91 Nou, deur ongeloof in die geheel van God se Woord, is die saad van onheiligheid in Satan se Eden ingebring. Ons gaan nou binne na waar Satan die troon inneem, as die antichris, in ’n—’n Eden van hierdie aarde, ’n Eden van sonde, verdraaide godsdiens. Hy het nie begin met “Ek is Satan. Ek is die groot engel,” nie. Nee, nie daarmee nie, maar met die verdraaïng van God se Woord. En dis hoe hy sy koninkryk gebring het, in elke tydperk. En nou in hierdie groot misleidende eew, gereed om sy troon te neem, deur sy mense! Hy het vir homself ’n intellektuele, opgevoede, wetenskaplike Eden gebou; reg, wetenskaplike predikers, wetenskaplike kerk, wetenskaplike teologie, alles is wetenskaplik. Alles is op die basis van kennis. Die hele kerk is gebou op kennis. Dit is nie op geloof gebou nie.

92 Een maal het ek ingegaan om ’n byeenkoms te hou vir ’n man se kerk. Dit was ’n groot ouditorium in die weste. ’n Goeie man, en hy het hierdie dinge ontken waarvan ons praat. Maar tog, hy was. . .ek het van hom gehou; goeie man, ou man. Toe sy gemeente uitgegaan het. . .Dit het omtrent sesduisend mense gehuisves. Toe sy gemeente uitgegaan het, by die namiddagdiens, omtrent vyftienhonderd, was hulle almal goed-geklede intellektueles. Ek het daar gesit en hulle dopgehou.

93 Hy het ’n baie goeie preek gelewer, het die man. En toe het hy gevra of enigiemand Christus wou aanneem; om net hulle hande op te steek. En niemand het hulle hande opgesteek nie. En eindelik het ’n vrou haar hande opgesteek. Hy het gesê: “Nou goed, nou is jy ’n Christen,” en het haar vir doop reggemaak. En toe toe hy uitgegaan het. . .Hy het ’n baba folgenei, die babatjie gesoen en ’n gebed oor hom gedoen, en die gehoor verdaag.

94 Toe sy gemeente uitgegaan het; almal goeie, geleerde, opgevoede mense. Toe het ek eenkant gestaan, om die man se hand te skud en hom God se voorspoed toe te wens, soos hy uitgegaan het.

95 En toe ek het, hier het my klomp ingekom. Hulle kon hulle nie inlaat terwyl sy klomp daar was nie. Hier kom myne, in rystoele, draagbare, dwangbuise, kranksinnig, en wat nog. Sien julle die verskil? Dit is dit. Dis die ding waarvan ek praat, sien. Sien, dis iets anders.

96 Wanneer, deur wetenskaplike kennis jy ’n *verstaan* Evangelie kan maak, sodat jy “hy wat in Jesus Christus glo sal nie veroordeel word nie,” sien.

97 Maar: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg,” sien, hy laat na om Dit daarin te sit, sien. Sy het in Jesus Christus geglo, sy is gered, as hierdie tekens die gelowige volg.

98 “En hy wat na My Woord luister,” nie net uitmaak nie, nie Dit met jou ore hoor nie, maar “Dit verstaan.” Enigeen kan Dit hoor; ’n prostituut kan Dit hoor en ’n prostituut bly; sien, ’n dronklap kan Dit hoor; ’n leuenaar kan Dit hoor en steeds ’n leuenaar bly. Maar: “Hy wat My Woord verstaan en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe.” Daar is dit, sien.

99 En geen mens kan dit doen tensy God hom voorbestem het nie. Jesus het gesê: “Niemand kan na My kom tensy My Vader hom getrek het nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Amen. Dis alles die soewereiniteit en voorkennis van God. Hy lewe alleen en daar’s niemand wat Hom sê wat om te doen nie.

100 Nou, deur ongeloof, deur nie die hele Woord van God te neem nie, is ’n saad van ongeloof gebring, onheilige, sondige, haat, en Ewige dood is in hierdie sondige, intellektuele kerkeeu. Verstaan julle dit nou? In hierdie dag, wanneer die hele wêreld godsdienstig is! Het julle dit geweet? Die hele wêreld is godsdienstig. En in hierdie godsdienstige tydperk, groot kerke op elke hoek; alles, die hele ding loop daarop uit dat Satan aanbid word. Hier is dit, net hier in die Bybel. Dis reg. En in hierdie intellektuele, teologiese seminariums wat ’n intellektuele persoon voortgebring het wat geleer is hoe om te praat, wat om te doen, hoe om met hulle gevoelens te maak; en alles soos sielkunde, drie en vier jaar, om te weet hoe om met ’n mens se verstand te handel. Sien, dis . . .

101 Die Gees van God is nie iets wat, jy, in jou ingeskool word nie. Dis iets wat in jou in voorbestemd is, deur die hand van die Almagtige God. Jou ondervindings kan nie in jou ingeskool of ingeleer word nie. Dis voorbestemd, deur God se hand en God se voorkennis, in jou in. Dis reg.

102 Nou, dit het hierdie groot Eden voortgebring waarin hulle nou lewe, ’n kerkwêreld se Eden. Hulle verenig nou almal saam by die groot Ekumeniese Raad, en gaan die wêreldkerk hê, almal onder een hoof kom, waar Satan op die troon geplaas sal word, net presies.

103 En die laaste oproep gaan uit, om die Bruid te vang voor Sy daarin kom. Want eenmaal daarin, het sy die merk van die dier gevat, en is verdoem, sy sal nooit daar uitkom nie. Dis waarom, gesê word: “Kom onder hulle uit, My volk,” voor dit in hom ingaan, sien. “Kom onder hulle uit, en sonder julle af.”

104 Nou, haat en dood, en Ewige skeiding van God, in hierdie Eden; wellus, vuilheid, verdraaïng, (hoe?) deur die verkeerde saad te saai.

105 Herinner my aan die visioen wat ek gesien het voor ek ooit die Pinksters ontmoet het, van daardie Man wat om die wêreld gaan, in wit. Julle het my dit baie maal hoor vertel. En een kom agter Hom aan, saai saad van onenigheid.

106 Maar hy het dit regverdig gewen, in Eva. . .in die tuin van Eden, deur die lus van Eva vir sonde; die lus vir Eva, van sonde. Dan, as Eva kennis begeer het, was dit sonde.

107 En wanneer ons kennis begeer, 'n Ph.D., LL.D., wil hê, is dit sonde om so te maak. Dis sterk verklarings, maar dis die Waarheid. Maak nie saak hoe sterk dit is nie, dis steeds die Waarheid, sien. Om kennis, begrip te begeer!

108 Die punt daarvan is, is, ons probeer nie vandag om die Woord van God in die mense se harte te vestig nie. Ons probeer onsself vestig. Kerke probeer die leer van die kerk vestig, in 'n persoon se hart.

109 Ons het opdrag om die Woord van God te vestig. Paulus het gesê: "Ek het nie na julle gekom met verleidelike woorde van mense nie, sodat julle geloof nie op die kennis van mense sou berus nie; maar ek het na julle gekom in krag; in manifestasies van die Heilige Gees, sodat julle geloof in God kon berus." Daar is dit.

110 Die mens moet jouself nie vestig nie. Ons vind dit onder. . . Laat God iets vir 'n persoon doen en hom uitstuur, vind jy elke mens probeer dit nabouts. Sien, hulle probeer hulself vestig. Elke mens: "Ek het dit gedoen. My, ek, myne, my denominasie, my, dit," vestig hulleself. Waaroor preek ons, onsself of die Koninkryk van God?

111 Vestig die Woord van God. Neem die ongeloof weg en vestig die Koninkryk van God in 'n mens se hart. En die Koninkryk van God kan nie in 'n mens se hart gevestig word tensy God daardie mens so gemaak het nie. Hy kan nie gevestig word in 'n. . .

112 En, onthou, die misleidende deel, daardie man dink dat dit reg is. "Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk." Elke intellektuele wese skyn reg te wees.

113 Soos ek 'n paar Sondae gelede vir julle gesê het; toe ek by my sterwende baba gestaan het, het Satan daar gestaan en gesê: "Daar is jou pa, het die ander nag in jou arms gesterf. Daar lê jou vrou daar in 'n—in die lykshuis, en hier gaan jou baba. En jy het Hom gevra om jou te antwoord, en Hy het jou getrek. . .Hy het 'n blinding oor jou afgetrek. Nou, en tog is Hy 'n goeie God, en tog het jy gesê Hy is 'n Geneesheer. En jy, wat

staan vir wat jy gesê het reg is, jy is verkeerd." O, elke rede, elke grein verstand moes saamstem dat dit reg was; en hy was reg, in dié mate.

114 So was hy reg toe hy vir Eva gesê het: "Julle oë sal geopen word, en julle sal goed van kwaad kan onderskei. En julle sal soos gode wees, in dié opsig, goed van kwaad kan onderskei," want God het hulle nog nie hulself laat sien, dat hulle naak was nie. So hulle het geweet hulle sou goed van kwaad kon onderskei; en hy was reg. Maar, julle sien, dit was teenstrydig met die Woord van God.

115 En so maak predikers in seminariums, leer mensgemaakte teologie; dit mag reg lyk, dit mag 'n goeie begrip van die ding wees, maar dis verkeerd.

116 Ons hoef Dit nie te verstaan nie. Ons glo Dit omdat God gesê het dit is so, en dit besleg dit vir ewig. Die hele ding, dis die manier om Dit te glo.

117 O, hoe het Eva begeer om 'n Ph.D., te hê, sien, hoe het sy nie begeer om slimmer te wees as wat sy was nie!

118 Let op hoe eenders, die mens en sy vrou. . .Nou let op, man en vrou, beide naak in die tuin van Eden, God se Eden.

119 Nou gaan ek afsluit. Ek het gesê ek gaan net 'n paar minute hou. Kyk, hou nou dop, soos afgesluit word.

120 Vergelyk dit nou, hoe baie eenders daardie man en sy vrou, beide in God se Eden, sonder 'n enkele draad klere aan hulle, en het dit nie geweet nie. Waarom het hulle dit nie geweet nie? Want hulle was versluier vir hulle sin van naaktheid, deur die Heilige Sluier, van die Heilige Gees. Hulle kon direk na mekaar kyk, en hulle het nie geweet dat hulle naak was nie. Hulle is deur die Heilige Gees van heiligheid, versluier. Hulle was versluier.

121 God se sluier, vandag nog, kan kyk en nie begeer nie. Hulle draai hul kop. Dis 'n Heilige Sluier, sien, Heilige Sluier. God het hulle oë gehad. . .hulle was albei, een was man en die ander was vrou, en hulle het nie geweet dat hulle naak is nie, want die heiligheid van God het hulle oë versluier gehou. Let op, God het hulle gewete van sonde verberg, deur die Heilige Sluier.

122 Wens ons het bietjie tyd gehad om daarby te vertoef, 'n paar minute. Kyk bietjie hier: "Want hy, die aanbidder wat eenmaal gereinig is," Hebreërs: "die aanbidder wat eenmaal gereinig is, het nie meer bewussyn van sonde nie." Sonde het van hom weggegaan.

123 Ek het Broer Neville hoor sê, vanmôre; iemand het hom dalk gevra waarom ek nie oor die Heilige Gees gepreek het nie, hoekom ek nie *dit* gedoen het nie. Hier is dit. Die Heilige Gees is die aksie in jou. Dis 'n Lewe, nie 'n emosie nie; nie een of

ander soort van ’n vleeslike bewys nie. Maar dit is ’n Persoon, Jesus Christus, die Woord van God gevestig in jou hart, om elke Woord van hierdie tydperk lewend te maak. Reg. Aanskou die Heilige Gees in aksie, nie so seer in demonstrasie nie; maar, in aksie, wat Dit volgens die Woord doen.

124 Let nou op die Heilige Gees, van God se Heilige Woord, het ’n man en vrou kaal gehad, en hulle het dit nie geweet nie. Hoe pragtig, Lewe van die Woord; die Saad, die Woord!

125 God het gesê: “Daar is ’n boom in die middel van die tuin, die vrou. En in die middel van die tuin is hierdie boom; moet dit nie eens aanraak nie. Want, die dag dat julle daarvan eet, daardie dag sterf julle.” Hulle is heilig daarvan versluier, het niks daarvan geweet nie, dit nie durf aanraak nie.

126 Hulle was heilige versluier. Hulle was veilig in God se paviljoen. Hulle was lewendig. Hulle het geen dood om hulle gehad nie. Halleluja! Hulle het volmaakte liefde die een vir die ander gehad, volmaakte Lewe vir ewig. Hulle het volmaakte liefde gehad, volmaakte begrip van die liefde van God. Hulle het God se Woord gehad en Dit gehou. En hulle was lewendig en veilig in God se Eden, met geen dood hoegenaamd om hulle nie.

127 Toe, het Satan Eva sover gekry om na sy evangelie van teologie te luister, die evangelie van kennis, hoër geleerdheid, hoër etiek, beter beskawing, hoër opvoeding, ensovoorts; toe, toe hy haar sover gekry het om te stop en vir ’n oomblik na hom te luister, na sy redenasies (wat ons beveel word om te verwerp), toe hy haar sover gekry het om daarna te luister.

128 “Nou, kyk hier, die kerk is *so-en-so*. Dit is so lank reeds gevestig. Ons is een van die oudste kerke in die land. Die burgemeester van die stad gaan daarheen.” Ek gee nie om wat dit is nie, sien. As dit teen God se Woord is, wees daarteen. Dis jou vyand. Enigiets wat teen die Woord is, is jou vyand.

129 Enigiets wat vir die Woord is, is jou broer. Hy’s ’n deel van jou.

130 Let op, sy het die Heilige Sluier afgetrek om te sien wat seks regtig was; vergelyk dit, wat begeerte regtig sal doen. Sy het die Sluier van haar oë afgetrek, die heilige ding wat God oor haar oë gesit het. Sy wou kennis hê, om te weet waaroor dit alles gaan; toe het sy die Sluier afgetrek om te sien waaroor dit alles gaan. Sy het na die duiwel geluister, en let op waar het dit haar laat beland.

131 Hulle het dieselfde ding gedoen in elke tydperk daarna, altyd die intellektuele kant gekies; en het nou ’n koninkryk gebou van Satan, kennis, sy saad wat hy gesaai het, en het die wêreld geneem na ’n Eden van die dood.

132 Nou let op. Kyk nou na Openbaring 3, die Laodicese Kerkeeu. Bedink dit in julle gedagte.

133 Nou let op. Sy, Eva, is Satan se koningin. Sien, Satan, die slang, het by Eva gekom voor Adam by haar gekom het. Sien? Dis reg. So hy het haar verlei, sien; so, Satan, die slang, was die man van Eva voor Adam ooit geweet het. Sien, hy het haar verlei. Die Bybel het gesê hy het, en sy het toe geweet sy is naak. Sien?

134 Nou kyk na die—die Laodicese Kerkeeu. Sy, Eva, sit as Satan se koningin. "Sy is ryk aan wêreldse goedere; blind, weer naak, en weet dit nie," net soos dit in God se Eden was. Maar nou, nie oor die Heilige Sluier oor haar gesig is nie, maar die begeerte—sluier. Deurdat sy God se Heilige Sluier afgehaal het, en 'n sluier van kennis opgesit het, vir begeerte. En nou het sy 'n begeerte—sluier, sodat sy "blind" is daarvoor dat dit sonde is. Sy is "naak" op die straat: "en weet dit nie." Sy's 'n prostituut op die straat. Vroue met hierdie kortbroeke aan, in God se oë, is 'n prostituut: "en weet dit nie."

135 Let op, neem ons vroue. Nou, as julle wil sien in watter toestand die kerk is, kyk hoe die vrou optree. Sy verteenwoordig altyd die kerk. In Satan se Eden, van sonde en ongeloof, 'n godsdienstige verdraaïng; verdraaide koninkryk. In plaas van God se Woord te neem, het hulle die intellektuele leer van die mens geneem. En in plaas van die Kerk te neem, het hulle die organisasie geneem, en hulle bring dit tot een groot punt.

136 Nou let op, verdraai van die onskuld af. Moet dit nou nie mis nie. Die kerk het hierdie begeerte-sluier opgehad. Let op wat dit aan haar gedoen het. Dit het—dit het haar verdraai van die onskuld na die kennis. Sien? Die Heilige Sluier, sy was onskuldig; met die begeerte-sluier, is sy kennis. Sy weet dis aangenaam. Sy weet wat dit doen, sien. Dis 'n vrug, 'n boom om te begeer, maak mens wys. Sien? Sy is verdraai van onskuld na kennis, van heiligheid na vuilheid en begeerte, en van die Lewe na die dood.

137 Hierdie koninkryk moet sterf. Hierdie koninkryk sal sterf! Die God van die Hemel sal dit vernietig van die aangesig van die aarde af.

138 Let op, in hierdie verdraaïng, het dit van 'n man na 'n vrou geword, en van 'n vrou na 'n man: "en weet dit nie." 'n Baie goeie produk van Satan se Eden, as jy vandag die strate sal dophou, met ons moderne mense.

139 Let op, dit was Eva wat Satan gebruik het om Adam te laat sondig deur haar krag van begeerte. Nou dieselfde, doen vandag dieselfde ding. Let op, kortgeknipte hare, geverfde gesiggie, sensueel geklee, sien, sy doen dit, en weet nie dat elke een van daardie dinge teenstrydig is met die Woord van

God nie. Om haar hare te sny, maak haar 'n eerlose vrou, 'n prostituut. Om kortbroek te dra, maak haar skandelik. Sensuele klere vir haar aan te trek, maak haar 'n prostituut. "En sy weet dit nie," nie vanweë die heiligheid van God nie; vanweë die begeerte van Satan. Sy het gemaak. . . Sy maak dat haar Adam haar begeer.

140 Sy het die klere uitgetrek waarin God haar geklee het, destyds in Eden, vir haar reis deur die—die wildernis. Sy het dit uitgetrek. Sy het haarself ontklee. Toe, God het haar heeltemal met velle toegedraai; sy het begin om elke keer 'n bietjie af te skaaf, nou is sy weer terug na waar sy in die begin was.

141 Nou het sy haar Adam sover om haar onderklere te dra. 'n Man trek daardie klein ou verwyfde kortbroekie aan, en kom hierheen, ek dink nie daar is veel manlikheid aan hom nie. Hy is die grootste sissy waarvan ek weet. Sien? Sien, sy het haar verdraaide Adam sover gekry om soos sy op te tree, sien, haar onderklere te dra. Sy het gesien wat sy kon doen daar toe sy al haar klere uitgetrek het behalwe haar onderklere. Dis die kortbroek. Natuurlik, dis die vrou se onderklere, en hier dra haar Adam hulle nou. Wat, volgens God se oorspronklike Woord: "Dit is 'n gruwel vir 'n vrou om 'n kledingstuk aan te trek wat vir 'n man bedoel is, en vir 'n man om 'n kledingstuk aan te trek wat vir 'n vrou bedoel is," uit die oorspronklike Woord. Dink daaraan!

142 Nou, hy dra nou ook haar gordyntjieskop. Hy kam hulle af, sit 'n kruller in hulle. Party van die mislikste gesigte wat ek ooit in my lewe gesien het, is sommige van daardie kinders hier vandag met hulle gordyntjiekoppe afgekam soos *dié*, en gekleurde, gebleikte hare, met 'n soort van 'n peroksied of iets, en bleik hulle hare, en rol dit in krullers, maak gordyntjieskoppe. Jou groot sissy! Dis 'n vreeslike ding om van die preekstoel af te sê, maar oordeel begin by die huis van God. Jy weet nie eens of jy 'n man of 'n vrou is nie. En ek verstaan dat ons Verenigde State se weermag in die toekoms in kortbroeke sal wees. Dis reg. Sien watter verdraaïng daar is? Dis 'n vrou se klere; dra haar gordyntjieskop.

143 Die ander dag was ek daar, by Howard Johnson se plek; nie hierdie een hier nie, maar een op die pad uit. En ek het byna op my rug geval van verbasing. Hier het 'n seuntjie aangekom, sy mond oop. En hy het *hier* donker hare gehad, en het *dit* so oorgekam; en het 'n roller daarin gesit, en dit opgekrul, bokant sy oë; bo uit sy oë gekyk, reg rondom. As ek ooit 'n verdraaïng gesien het! Sien, hy wou dit nie glo nie. Hy kon miskien bewys hy is manlik, maar in sy gees is hy vroulik. Hy weet nie aan watter kant van die huis hy behoort nie. Dis reg. Hoe verdaaid!

144 Dis wat Satan doen. Hy verdraai die nasies. Hy verdraai die kerk. Hy verdraai die mense. Hy is 'n bedrieër, 'n verdraaier van die oorspronklike Waarheid.

145 God het 'n man 'n man gemaak. Hy het 'n vrou 'n vrou gemaak. En Hy het hulle so verskillend geklee, en Hy het bedoel dat hulle so sal bly en so sal optree; een is vroulik, en die ander is manlik. Hy het Adam in die tuin van Eden afgesonder en dit gedoen, Eva van hom afgesonder.

146 Dra nou haar gordyntjieskop; sy sny haar hare soos syne, en hy probeer syne soos hare dra. Sien? Sy dra sy buiteklere en hy dra haar binneklere. Nou, dit klink godslasterlik, maar ek bedoel dit nie so nie. Dis die absolute godswaal herd—Waarheid. As jy dit nie weet nie, is daar iets met jou verkeerd; jy's óf blind óf was nooit op die strate nie. En sy dink en hy dink dat dit reg is, hulle is êrens heen oppad.

Vroue sê: "Wel, dis so warm!"

147 Die ou Apache—indiane daar oorkant sal julle jul laat skaam. Hoe meer hitte hulle kry, hoe meer klere trek hulle aan, om die son van hulle af te hou; o, laat dit sweet, sodat jy 'n lugverkoeler kan hê soos hulle loop. Sien? Hulle staan sommer buite in die son.

148 Jy sou dit nie kon hou nie; jy sou blase brand. Maar, julle sien, dis wat jy hoër opvoeding noem. Moderne wetenskap het dit opgelewer. O, goeiste! Daar is sy: "naak," in Laodicea: "en weet dit nie."

149 Sy was naak in Eden. Sien julle die twee koninkryke dieselfde? Een is van sonde en dood; die ander een is Lewe en geregtigheid. Daarbinne was sy versluier met 'n Heilige Sluier. Hulle was albei naak; hulle het dit nie geweet nie. Hulle het niks daarvan geweet nie, omdat hulle met God se Gees versluier was.

150 En hier is hulle versluier met begeerte, en hulle kyk na mekaar om. . .Sien, Adam kon na Eva kyk, en het nie geweet sy is naak nie. Maar nou met hierdie begeerte-sluier, besef sy nie sy is naak nie, maar sy doen dit onder hierdie begeerte-sluier om die man na haar te laat kyk. Dis al waarvoor sy dit kan doen. Jy glo dit nie, maar jy doen dit in elk geval, en die man kyk. En hy het uitgevind jy het soveel aantreklikheid, dat hy sover gekom het om van jou klere vir homself aan te trek.

151 O, hoe perver! Watter tydperk! Watter tyd waarin ons. . . Hoe misleidend is dit nie! O, al hierdie dinge: "en weet dit nie," 'n volmaak verdraaide gees is in die mens. Hy is versluier van die begeerte van Satan, en die vrou is ook. Dis 'n sataniese gees van 'n groot samelewing. Sien, hulle weet nie, maar hulle is 'n organisasie. Vroue met kortbroeke aan, behoort aan 'n

organisasie. Mans wat so aangetrek is, is in 'n organisasie. Ek sal vir julle die afkorting daarvoor gee: G.S.V., Groot Suster Vereniging, so dis waaraan hulle behoort. Daaruit kom, 'n groot sissy vereniging, met daardie ou broekies aan, groot ou knopperige, vuilerige ding. Ek—ek. . .

152 Mans, julle kan nou hieroor van my verskil, maar dis die Waarheid. Julle is verdraai en weet dit nie. Julle is nie, tree nie meer soos 'n man op nie. Sien, so sag geword; en, hulle seun, sal niks meer vir hulle wees nie; mans, en vroue ook. Hulle is 'n vereniging. Daar is 'n organisasie. Waarom? "John langsaan, het kortbroek gedra, so hoekom kan ek nie? Luella wou gehad het ek moet dit dra, want John het dit gedra, langsaan. En, wel, as—as Susie Jane dit kan dra, kan Martha Jane dit dra, of Susie Lou," of wat haar naam ook al is, sien. Sien, dis 'n vereniging. Dis 'n organisasie. Jy behoort geestelik daaraan, en weet dit nie.

153 En as dit so is, en ons sien dis so, dus is jy verblind. Jy is verblind vir hierdie denominasies waarin Satan jou verdraai het. En dis die verdraaïng van God se oorspronklike Woord, en Sy Koninkryk, en Sy plan vir Sy kinders. Satan het mans en vroue in hierdie dinge in verdraai, en hulle weet dit nie. 'n Verdraaide!

154 Nie langer 'n seun van God nie! Gordyntjieshare hang in sy gesig af, en 'n kortbroek aan, trek daar die straat af; 'n seun van God, diaken in 'n kerk, 'n pastoor in 'n preekstoel? Nee, dit is nie 'n seun van God nie. Hy het nooit deur God se Denkfilter gekom nie. Hy sou nie daardie vroueklere aangehad het nie; hy sou beslis nie; ook sou sy nie die mansklere aangehad het nie. Sien, dis nie 'n seun van God nie. Dis 'n seun van Satan, en 'n dogter van Satan. 'n Harde ding om te sê!

155 Satan het daarin geslaag om hierdie wêreld te verdraai en oor te neem, en dit sy koninkryk te maak; daardie mense is, deur vrye morele keuse, geplaas om vir hulself te kies watter soort lewe hulle wou hê. En dit wys wat in jou hart is. Sien? Jou stem. . .Weet julle wat? Jou dade spreek so hard, dit doof jou stem uit.

156 Laat ek na 'n man toe gaan. En sê: "O, ek. . .Ons is almal Christene. Ons behoort aan die kerk." En prikkelpoppe hang sy hele kantoor vol? Dit sou nie 'n verskil maak wat hy vir my sê nie, ek sou van beter weet; so sou julle.

157 Laat 'n vrou sê sy's 'n Christen, met kort hare? Huh-uh! Jy weet van beter, sien. Ja, meneer. Laat haar sê sy's 'n Christen, verf en grimering dra, en kortbroek, en sê sy's 'n Christen? Jy weet van beter. Die Woord van God leer jou van beter. Die Woord sê sy kan dit nie doen en 'n Christen wees nie. Sy is selfs oneervol, en alles. Hoe gaan God 'n oneervolle ding in Sy koninkryk plaas? Nee, meneer, glad nie. Nee, meneer. Hulle self, hulle wys hulle begeerte.

158 Jy kan nie ’n duif sover kry om saam met ’n aasvoël te vreet nie, glad nie. ’n Duif het nie enige gal nie. Hy kan nie sulke ou aas vreet nie. As hy daarvan sou vreet, sou dit hom doodmaak, en hy weet dit. Maar ’n aasvoël kan omtrent enigiets vreet wat hy wil. Sien? Hy het genoeg gal.

159 So dan sal jy uitvind, dis hoe dit vandag met die wêreld gesteld is, dieselfde ding: “Hulle is nakend, blind, en weet dit nie.”

160 Satan het dit gedoen deur die vrou se begeerte na kennis, na seks, wat sy deur haar eie keuse gekies het. Nou let op, dit was Eva wat Adam na die verkeerde gelei het, en dit was die vrou wat haar klere uitgetrek het voor haar Adam syne uitgetrek het. Sien? Dis die vrou, altyd. Was altyd. Dit is steeds so.

161 Dis die kerk wat die mens laat dwaal. Dis die kerk, sien, wat die mens lei wat ’n seun van God wou wees. Dis die vrou, die kerk. Nie die Bybel, God, nie, want die Bybel is die man. O, ja: “die Woord het vlees geword,” en Hy was ’n Man. Sien? Die Bybel is die man; die kerk is die vrou. Sien? Dit is nie die kerk. . .die Bybel wat die mens laat dwaal nie. Dis die kerk wat hom laat verdwaal. Dis die kerk met wie hy naak geword het, nie die Bybel nie. Sien? Nee, inderdaad. Die Bybel vertel hom hy’s naak. Ja, meneer.

162 Nou let op hoe, deur seks, begeerte na seks, sy kennis begeer het, om te weet wat *dit* is, en hoe, of hierdie vrug lekker was of nie. En sy het dit gedoen.

163 God sal dit nietemin eendag terugneem, deur ’n Man. Dit is oorgegee deur ’n vrou. Maar dit is verlos deur ’n Man; die Man, Jesus Christus, wat die Woord is.

164 En wat is dit dan? Let op, ter afsluiting. Hier nie lank gelede nie, het ek hierdie verklaring gemaak. Ek het nog omtrent vier of vyf bladsye daarin, maar ek. . .van Skrifte en dinge waarna ek wou verwys. Maar, luister. Laat ons afsluit, deur dit te sê.

165 Onthou, hier nie lank gelede nie, het ek julle geleer oor die Sewe Basuine, die fees van die basuine, ensovoorts. En ek het gesê: “Daar is ’n agtste-dag fees.” So, die sewende dag sal die laaste wees, dit sal die Millennium wees. Maar daar is ’n agtste-dag fees; wat, as dit die agste was en daar is net sewe dae, dit weer die eerste dag sal maak, kom weer terug na die eerste dag. Dan, nadat die Millennium verby is, dan sal daar weer ’n gevestigde Eden wees. God se groot Koninkryk sal teruggeneem word. Want, Jesus het dit uitgeveg met Satan, in die tuin van Getsémane, en het die Eden teruggewen; wat Hy in die Hemel gaan voorberei het, om weer terug te keer, bo in die Hemel. Hy het gesê: “Laat julle harte nie onsteld wees nie.”

166 Toe Hy hier op aarde was, het Hy gesê: "Julle, julle Jode, het in God geglo. Nou, Ek weet Ek het 'n slegte naam." Hy het gesê: "En hulle sê Ek is *dit, dat,* die *ander*. Maar, julle het in God geglo; en soos julle in God geglo het, glo ook in My." Hy was God, gemanifesteerd. Sien? "Glo ook in . . . "

167 "In My Vader se huis is baie . . . " Of: "In My Vader se ekonomie, in My Vader se planne is baie paleise. Ek sal gaan om 'n plek te berei." Kyk hoe lank is dit, vyftienhonderd vierkante myl! Sê, waar is dit? Hy het dit gaan voorberei. Hy is Skepper. Hy skep al daardie goud. Die strate is deurskynend. Hy is Skepper. Hy maak 'n plek. Daar in Openbaring 21, het hy gesê: "En ek, Johannes, het die heilige Stad, die Nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die Hemel."

168 "Daar was geen see meer nie; die eerste hemel en eerste aarde het verbygegaan." Wat was ons eerste hemele? Was die Millennium. Wat is die eerste aarde? Was dié een. Dit sal vernuwe word. Net soos dit deur Noag gedoop is, in die dae van sy prediking; geheilig is deur Christus, soos Hy Sy Bloed daarop gesprinkel het; en vernuwe word, al die kieme en alles daarvan af weggeneem word, in die vernuwing aan die einde, met 'n Vuurdoop wat elke kiem, elke ongesteldheid, elke siekte, elke vuilheid wat ooit op die aarde was, sal doodmaak.

169 Sy sal tevoorskyn bars, en as 'n Nuwe Aarde na vore kom. "En ek het 'n Nuwe Hemel en 'n Nuwe Aarde gesien. Die eerste hemel, hierdie eerste aarde, het verbygegaan; en daar was geen see meer nie. En ek, Johannes, het die heilige Stad gesien, die Nuwe Jerusalem, wat neerdaal van God uit die Hemel uit." Daar sal God wees met Sy ware eienskappe, seuns en dogters, waar Hy met hulle gemeenskap kan hou in heiligheid met hulle oë verblind vir enige sonde. Daar sal van daar af voortaan nooit meer sonde wees nie.

170 Laat ons hard daarna strewe; moenie in hierdie dag mislei word nie, maar: "strewe daarna om by die poort in te gaan."

171 "Want almal wat buite gelaat sal word, sal hoerrarder, wellustelinge wees." "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds met haar egbreek gepleeg." Almal met . . . buite sal vroue met 'n slegte naam, mans van slegte naam, wees, ensovoorts.

172 En net hulle wat verlos is, en in die Lam se Boek van die Lewe, sal daardie poort ingaan. So beywer julle, vriende, moenie in hierdie laaste dag mislei word nie.

173 Dis nou 'n wonderlike tyd. Almal het geld. Almal kan *dit* doen, en almal kan *dat* doen, en geld vloei oral, en groot motors en alles. Daar sal nie een van hulle in daardie Stad wees nie. Daar sal nie een motor, een vliegtuig wees nie. Nee.

Dit sal heeltemal ’n ander beskawing wees. Dit sal weer ’n beskawing wees, nie van kennis, nie van wetenskap nie, maar van onskuld, en geloof in die lewende God.

174 Laat ons daarna strewe om Daarin in te gaan. Want dis my hele doelwit, is om eendag daardie Stad binne te gaan; en net om te kyk, die wat saam my kom, elkeen van julle te sien marsjeer, as ons sing: “die heiliges inmarsjeer.” Ek wil wees by daardie skare, as die heiliges inmarsjeer.

Laat ons bid.

175 Dierbare Hemelse Vader, soos die dae afsluit, en ons dit sien naderkom, kom die belofte nader. Ons bid, Dierbare God, dat U dit op ons harte sal druk, sodat ons nie enige fout sal maak nie. Dierbare God, hou ons gewete skoon. Hou ons harte versluier, Here, ons oë versluier van die dinge van die wêreld, en ydel dinge van die wêreld, ydel glorie om ’n groot vername mens te word.

176 Maak nie saak hoe groot hulle is nie, alle konings, monarge, heerger, en wat nog, moet sterf, en hulle sal nie opstaan in die twe-. . .in die eerste opstanding nie. Want daar is geskrywe: “Solig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding, waaroor die tweede dood geen mag het nie.” O God! “Die tweede dood,” die geestelike dood: “geen mag het nie”; hy is verlos!

177 O God, om te dink dat een van hierdie ure, sal een gaan om die ander te besoek, en weggeraap word. “Twee in die bed; sal een neem, en een laat bly. Twee in die land; Ek sal een neem, en een laat bly.”

178 O God, help ons om rein te wees in—in U oë, Here, ongeag wat mense van ons dink, wat ander mense sê. Here, laat ons heilig. . .ons gesprekke heilig wees. Laat dit deurtrek wees met God se Woord; so deurtrek, Here, dat daar geen bedrog in ons gevind word nie. Terwyl ons pleit, oor ons eie foute, dat die Bloed van Jesus Christus tussen ons en God sal staan, dat Hy op ons sal neerkyk deur die Bloed van Jesus; nie op ons eie regverdigheid, of wie ons is, wat ons gedoen het nie, maar op Sy meriete alleenlik. God, skenk dit!

179 Mag nie een wat vanaand hier sit en die Boodskap gehoor het, mag nie een van hulle verlore gaan nie, van die geringste kind tot die oudste persoon. Mag hulle heilige begeerte wees slegs na God en Sy Woord. Ons weet nie in watter uur Hy kan verskyn nie, of in watter uur Hy ons kan oproep om daar by die Oordeel te verantwoord nie. Ons weet nie watter uur Hy kan, as’t ware, ons kaart van die rak afhaal, sê: “Dis huistoekomtyd. Jy moet gaan.” God, help ons om rein te bly. Skenk dit, Here.

180 Mag ons lewe tot die Koms van die Here, as dit moontlik is. Mag ons alles in ons vermoë doen, met liefde en begrip, begrip

dat God die wêreld deursoek, vandag, elke verlore skaap vind. En mag ons met hulle praat met deurdrenkte gebed van liefde en die Woord van God, dat ons daardie laaste een kan vind, sodat ons kan Huis toe gaan, en hier uit hierdie ou Eden van Satan kan kom, Here.

181 Wat alles op begeerte gebou is, en pragtige vroue, as sogenaamd in die wêreld, met hulle advertensies daaroor: “Ons adverteer, en wil hê kêrels moet kom met konfyt aan hulle gesigte, en mooi meisies met kortbroeke aan,” sommer op ons radio’s en televisies; en alle soorte vuilheid en skuim, en Hollywood; alle soorte sensuele, vuil, vieslike rokke vir vroue. En—en die man wat verdraai word en vrouklere neem, en hulle hare sny soos vroue; en vroue soos die man.

182 O God, in watter vreeslike uur lewe ons nie! O, kom, Here Jesus, kom! Kom, Here! Reinig ons deur die Bloed. Neem alle vuilheid en bedrog weg van ons. Laat ons lewe, Here, laat ons onder die Bloed lewe, voortdurend, voor U. Dis ons harte se begeerte, en ons opregte smeking.

183 Dierbare God, daar lê op hierdie plat-. . .of, daardie lessenaar, vanaand, waar die Evangelie gelê het. Here, hier lê sakdoeke en klein pakkies wat na die siekes en beproefdes gaan. Laat die gebed van geloof, Here, nou uit ons harte val, voor U oë. Dan, Here, as daar enige onrein iets in ons is, Here, neem ons. . .oordeel ons nou; en ons pleit om genade. Openbaar aan ons wat ons verkeerd doen, Here, sodat ons kan vra, om die Bloed te neem en ons te reinig. Genees hierdie siek mense en maak hulle gesond, Vader, waarnatoe dit ook al gaan, waar hulle ook al gaan. Laat dit so wees, Vader.

184 Gee ons die vasbeslotenheid om U te dien, en U alleen. Skenk dit, Here.

185 Skenk veiligheid aan hierdie liewe mense wat oppad is huis toe.

186 Ons dank U vir hoe U die mense genees het. En Suster Shepherd en Broer Shepherd se seuntjie wat beseer is op die fiets, ek bid dat daar geen kwaad van sal kom nie; die kêreltjie wat sy fiets gery het, ek bid dat hy gesond sal wees. Ons dank U vir U genesing van hierdie ander waarvoor ons gevra het. “En ons weet dat wat ons vra, ontvang ons, want ons het vertroue in die Een wat die belofte gemaak het.”

187 Skenk ons van U genade, Here, en vergewe ons ons sondes, vra ons in Jesus Christus se Naam. Amen.

188 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Glo julle in Hom? [“Amen.”] Is julle siek en sat vir Satan se koninkryk? [“Amen.”] Glo julle dit lei na die Millennium, na Sy Millennium; Sy, na Sy Eden? [“Amen.”]

189 Glo julle dit word vandag gevorm? Kyk, alles is op die intellektueles gebaseer. Alles, elke ding, moet wetenskaplik bewys word voor hulle dit sal glo.

190 En jy kan God nie wetenskaplik bewys nie. Jy moet Hom in die geloof aanvaar. "Want hy wat na God kom moet glo dat Hy is, en 'n beloner is van hulle wat Hom ywerig soek."

191 O God, ek wil niks ken behalwe die Bloed van Jesus Christus wat my van sonde reinig nie. Ek ken niks behalwe Jesus Christus nie. En soos Paulus van ouds gesê het, so sê ek vanaand: "Ek weet niks onder julle nie, behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."

192 Dis al wat ek weet om vir julle te sê. Dat, hierdie Bybel, glo ek met my hele hart (as ek my hart ken), as synde die volmaakte onvervalste Woord van God te wees. Daarvolgens leef ek. Daarby staan ek. En as ek tienduisend lewens gehad het, sou ek elke stukkie daarvan vir hierdie Woord wou gee, want dis die Woord van Jesus Christus. En ek gee nie om hoeveel hulle Dit verkeerd kan probeer bewys nie, hoeveel die wetenskap probeer sê Dit is nie betroubaar nie, ensovoorts. Vir my is Dit die enigste ding in die wêreld wat ek kan vertrou, is hierdie Woord. Hy is myne. Ek het Hom lief. Het julle nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

193 As daar 'n sonde in jou hart is, as daar 'n fout in jou hart is, as jy enigiets het, bid nou en vra God om jou te vergewe. Bid julle vir my; ek sal vir julle bid. God seën julle, is my gebed.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

194 Het julle mekaar lief? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Johannes het gesê: "Kindertjies, wees lief vir mekaar." "Wees lief vir mekaar, want liefde bedek 'n menigte jam sondes." Nou laat ons mekaar se hand skud.

God sy met jou tot ons weer ontmoet!
Weer ontmoet! weer ontmoet!

195 Wees nou goed vir mekaar. Wees goed vir almal. Behandel jou buurman reg. Hou jouself onbevlek tot Jesus kom.

. . . voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

196 Het julle Hom lief? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis my gebed. Bid julle vir my; ek sal vir julle bid. Ek moet nou na Tucson toe teruggaan. En ek—ek bid dat God julle almal sal seën. Ek gaan daarvandaan na Kanada toe, en terug na Colorado; om, om, om, sien. Totdat . . . ? . . .

197 Broer Tony is daaroorkant, en 'n wonderlike ding het gebeur. Reg onder die Vatikaan, in Rome, vra hulle vir 'n herlewing, 'n byeenkoms, vir my om daarheen te kom en 'n herlewing in Rome

te hou, in Rome. Hy het pas teruggekeer. Die mense is almal saam. Hulle het ’n groot arena daar gekry, kan duisende en duisende huisves, en hulle wil hê ek moet vir ’n herlewing kom. Hulle wil die heerlikheid van die Here in die bediening sien. Ek weet nie. Ek moet daaroor bid, sien wat die Here my sal sê. O, goeiste! Onthou, bid, almal van ons tesame. Ons werk . . .

> Ons kyk uit vir die koms van ons geseënde Verlosser,
> Kyk, en aanskou hoe die vyeblare nou groen word;
> Die Evangelie van Sy Koninkryk het na elke volk gegaan;
> En ons is naby die einde, kan gesien word.

198 Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

> Laat ons dan met vreugde uitdra die Boodskap van Sy geseënde verskyning,
> Spoedig kom Hy in heerlikheid, om aan elkeen te vertel;
> Ontwaak dan, julle die heiliges van die Here, hoekom verslap terwyl die einde naderkom,
> Laat ons gereed maak vir daardie laaste roep.

199 Sy sal in die weste draai en weer terugry, een van hierdie dae, onthou dit net. Sy sal gewis. En dis reg. Tot dan:

> Neem die Naam van Jesus met jou,
> Kind van droefheid en van wee;
> Dit bring troos en vreugde vir jou,
> Neem dit oral met jou mee.
>
> Dierb’re Naam, (dierb’re Naam) O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb’re Naam, O hoe soet! (hoe soet!)
> Aardse hoop en Hemelvreugd.
>
> Voor die Naam van Jesus buigend,
> Plat neerval voor Sy voete,
> Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
> Wanneer ons reis verby is.
>
> Dierb’re Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb’re Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop, en Hemelvreugd.

200 Nou, met hierdie laaste vers, laat ons dit nou met geboë harte sing.

> Neem die Naam van Jesus met jou,
> As ’n skild teen elke strik;
> As versoekinge jou omsingel, (hierdie dinge van Satan se koninkryk, sien, sien)
> Noem net daardie heilige Naam in gebed.

201 Dis al; loop dan weg. Dit werk. Ek het dit probeer. Glo dit nou net, want dit sal werk. Noem Sy Naam net in gebed.

> . . .die Naam van Jesus met jou,
> As 'n skild teen elke strik;
> As versoekinge jou omsingel, (Wat doen jy dan?)
> Noem net daardie heilige Naam in gebed. (Die Sluier sal dan oor jou gesig kom.)
>
> Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

202 Laat ons nou ons hoofde buig, terwyl ek Broer Beeler daar agter vra om hier na die platvorm te kom. [Broer Branham begin neurie: *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*—Red.]

> Noem net Sy heilige Naam in gebed.

203 Verdaag jy ons, Broer Beeler. Verdaag jy ons in gebed.

> Dierb're Naam,
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

204 Nou, met ons hoofde geboë, en ons harte geboë. Broer Beeler, een van ons mederwerkers hier, Broer Estle Beeler, goeie Christenbroer, lojale man. Ek gaan hom vra of hy vanaand die gehoor sal verdaag, in gebed. God seën jou, Broer Beeler.

*SATAN SE EDEN* AFR65-0829
(Satan's Eden)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 29 Augustus 1965, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2013 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org